LAERSKOOL ORION

# ORIE-NUUS

15 JANUARIE 2021

MET YWER

### WATTER GROEP KOM OP WATTER DAG SKOOL TOE DIE 1STE WEEK?

| | |
|---|---|
| BLOU | 15de |
| GRYS | 16de |
| BLOU | 17de |
| GRYS | 18de |
| BLOU | 19de |

### BELANGRIKE PUNTE

- Skole heropen op 15 Februarie 2021
- Blou groep begin Maandag, 15 Februarie 2021
- Graad 1's begin dieselfde dag as die Gr. 2-7 leerlinge
- Orionland Kleuterskool begin op 27 Januarie 2021

## SKOOL HEROPEN 2 WEKE LATER

Na aanleiding van die Minister van Basiese Onderwys se aankondiging vanoggend op 15 Januarie 2021, is die aanvang van die skooljaar uitgestel tot 15 Februarie 2021. Sodra die nuutste Direktiewe van die GDO ontvang word, sal ons u in kennis stel van Laerskool Orion se aangepaste planne vir 2021. Die skoolbestuur gaan op Maandag, 25 Januarie 2021, begin.

Net soos wat elke Orion- en Orionland onderwyser, ouer en leerling in 2020 alles "Met Ywer" aangepak het, gaan 2021 geensins anders wees nie.

Hou gerus ons Facebookblad, Instagram en Webtuiste dop vir enige verdere inligting.

## GRAAD 1'S SE EERSTE DAG AFGESTEL

Ons Graad 1 leerlinge van 2021 sal dus nie op 26 Januarie 2021, hulle Laerskoolloopbaan begin nie, maar wel op 15 Februarie 2021 saam die Gr. 2-7 leerlinge in hul onderskeie blou of grys groepe. Verdere inligting sal spoedig aan u as ouer deurgegee word.

## ORIONLAND KLEUTERSKOOL

Ons is deur die GDO in kennis gestel dat die Gr. 000, Gr. 00 en Gr. 0 kleuters wel op 27 Januarie 2021 mag begin.